LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 18 / 2017
5 JUNIE 2017

Geagte ouers en personeel,
Ons personeel is elke skooldag besig met gewaardeerde opvoedkundige werk en vorm ons leerders om trots Leeuwenhoffers te wees. Die taak om ons leerders en kinders voor te berei vir die samelewing moet ons nie ligtelik op neem nie.

Ons het ‘n plig teenoor ons land, skool en mekaar om die regte waardes en norme uit te leef en te onderrig.

AKADEMIE
AFRIKAANSE WEEK: GRAAD 1 TOT 7
Die afgelope week was ek weer trots om Afrikaans te wees.

Daar is geen twyfel dat ons leerders geprikkel is deur die interessante aktiwiteite wat die Afrikaanse departement vir ons voorberei het.

Selfs die idiome, sinonieme en antonieme, storieboekkarakters en grappe was kreatief en oorspronklik.

SPORT
NETBALLIGA

SPAN	LEEUWENHOF	ST. CATHERINES
0/10 A	19	3
0/10 B	20	2
0/11 A	19	4
0/11 B	6	4
0/12 A	11	5
0/12 B	15	1
0/13 A	32	1

RUGBYLIGA

SPAN	LEEUWENHOF	CHRISTIAAN DE WET
0/9	21	0
0/10	40	0
0/11	3	0
2 des	36	0
1 stes	33	0

SKAAKLIGA

SPAN	LEEUWENHOF	OOSTERKRUIN
0/9	10.5	1.5
0/11	8.5	3.5
Dogterspan	6.5	5.5
0/13	12	0

WELPIERUGBY
Ons het die afgelope Saterdag deelgeneem aan die laaste Welpiedag vir 2017.
Die seuns het weereens uitmuntende rugby gespeel en die seisoen met mooi suksesse afgesluit.

Ons kan voorwaar sien dat ons welpies se vaardighede baie mooi ontwikkel het gedurende die seisoen.

Ons wil dan graag hiermee elke afrigter bedank vir hulle insette en harde werk met die spelers. Baie dankie aan ons ouers wat so getrou ondersteun. Baie geluk aan elke speler met die pragtige rugbyvernuf wat so mooi ontwikkel het.

Ons hoop dat ons welpies weer sulke mooi prestasies sal bereik in 2018 se rugbyseisoen.

TENNISPROEWE
Ouers moet asseblief kennis neem dat die tennisproewe op die volgende datums gaan plaasvind.

Ons sien daarna uit om al ons tennissterre in aksie te sien tydens die proewe:
- 7 Julie
- 8 Julie
- 15 Julie

KULTUUR
SNUITERSIMFONIEKONSERT
Leeuwenhof bied hul jaarlikse Snuitersimfonie op **11 Junie om 12:30 vir 13:00** in die Laerskoolsaal aan**.** U as ouer word uitgenooi om saam met u kind die musikale-opvoedkundige geleentheid te kom deel.

Die “Jewish Guild Orchestra” o.l.v. prof Brain Buch, het spesiaal ‘n program saamgestel . Ons Junior en Senior koor gaan ook tydens die geleentheid optree. Die Marimba en Tromspan gaan voor die tyd optree.Twee leerlinge gaan ook die geleentheid kry om die orkes te dirigeer, wat gewoonlik ‘n hoogtepunt vir almal is.

Kaartjies is beskikbaar teen **R50** p.p. by Margaret (Ontvangs) leerlinge wat deelneem kom gratis.

Sien u almal daar!

SING IN HARMONIE - TV UITSENDING 4 JUNIE 2017
Leeuwenhof se Seniorkoor se TV uitsending op Kyk-Net was op Sondag 4 Junie op kanaal 146. Ons koor het die kans om as kykerskeuse deur te gaan na die finaal in September. Asseblief stem vir ons koor. SMS 3 na 47620. Die kompetisie sluit op 9 Junie om 14:00 . Dankie by voorbaat vir u ondersteuning!

AANDAG ALLE GRAAD 0 EN 7 OUERS
Ouers hoef nie weer hul kinders van vooraf in te skryf of te registreer vir ons Laerskool en Hoërskool nie. Leerders word outomaties oorgeplaas na beide skole.

WENNERS IN JESUS

Wenners in Jesus – Muntlegging

Die jaarlikse WIJ Muntlegging vind **Donderdag, 8 Junie** plaas in die vorm van:

"Emmers van vol omgee"

Ondersteun asseblief die insameling deur munte en note saam klas toe te stuur wat die leerders dan in emmers sal gooi ten bate van die WIJ-fonds.

Byvoorbaat baie dankie vir elkeen se ondersteuning.

Dit word opreg waardeer!

INTER – GAUTENGSKOLE REDENAARS
Op Saterdag, 3 Junie, het ons Redenaarspan aan die Inter Gautengskole by Laerskool Jan Celliers plaasgevind. Ongeveer 700 sprekers het aan die kompetisie deelgeneem.

Baie dankie aan elke spreker wat Leeuwenhof se naam hoog gehou het. Ons is baie trots op julle. Baie geluk aan Julia Snyman wat ‘n sewende plek tydens die graad 6 kompetisie behaal het.

GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Ulrike van der Mescht Martin Koen Mia Kruger Quan van der Merwe	Zachary Collier Elindri-Mirei de Korte Theodore Smith	Ulrike Oosthuizen Julia Snyman	Chené Erasmus Tanzine Vlok Jönro van der Merwe Liesl Gericke

BUITESKOOL PRESTASIES

GRAAD	NAAM VAN LEERDER	PRESTASIE BEHAAL
1	Jinica Adams 	Gimnastiek: • Beginners- 2de plek Baie geluk!
3	Mia van Pletzen 	Gauteng Interskole Redenaars kompetisie: • A+ verower Baie geluk!

BELANGRIKE DATUMS

5 Junie	Skaak: Streeksliga
6 Junie	Akademiese ondersteuning 07:30
	Geslagsvoorligting vir gr. 6 leerders
	Rugbyliga vs Orchards: 0/9 tot 0/13
7 Junie	Gewyde sang
8 Junie	WIJ: Muntlegging
	Rugbyliga vs Alberview: 0/9 tot 0/13
8 Junie	Netbal vs St. Columba
9 Junie	**SAKESTUDIES TERMYNTOETS: GR. 7** Mini-netbaltoernooi by Marist Brothers Linmeyer: 0/9
11 Junie	Snuitersimfoniekonsert

12 Junie	Conspirito kunswedstryd Wiskunde en Wetenskap in aksie
13 Junie	Akademiese ondersteuning 07:30 Wiskunde en Wetenskap in aksie Rugby: Goue Leeus agste finale vir spanne wat deurdring Conspirito kunswedstryd
14 Junie	Gewyde sang
15 Junie	**WETENSKAP TERMYNTOETS: GR. 7** Netbal vs Marist Brothers Goue Leeus kwartfinale
16 Junie	**JEUGDAG**
18 Junie	Vadersdag
19 Junie	Public Speaking finale vir gr 4 tot 7
20 Junie	Akademiese ondersteuning 07:30

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr T de Villiers	thysv@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL